

FAKULTEIT REGTE

In die Fakulteit Regte word 'n reeks grade en diplomas aangebied waarna daar 'n vraag bestaan, nie net in die regspraktik nie, maar ook in die Staatsdiens en die handel.

GRADE

Baccalaureus Juris	B.Jur.
Baccalaureus Legum	LL.B.
Magister Legum	LL.M.
Doctor Legum	LL.D.

DIPLOMAS

Regsdiploma vir Prokureurs	R.D.P.
Regsdiploma vir Staatsamptenare	R.D.S.
Senior Regsdiploma vir Staatsamptenare	S.R.D.S.

REGSKURSUSSE

Die volgende regsvakke word aangebied met die getal kursusse in elk tussen hakies:

Privaatreg (5);	Handelsreg A. (3);
Bedryfsreg (2);	Privaatreg A (2);
Burgerlike Prosesreg (2);	Romeinse Reg (2);
Regsfilosofie (2);	Staatsreg (2);
Strafreg (2);	Administratiefreg (1);
Arbeidsreg (1);	Bantoereg (1);
Bewysreg (1);	Internasionale Privaatreg (1);
Nywerheidsadministratiefreg (1);	

Regsvergelyking (1); Strafprosesreg (1);
Uitleg van Wette (1); Volkereg (1);
Medicina Forensis (1); Regsgeskiedenis (½) en
Regisleer (½).

HOOFVAKKE

Vir eerste grade in die Fakulteit Regte geld Privaatreg III en Romeinse Reg as hoofvakke.

2. VOORGRAADSE OPLEIDING

Baccalaureus Juris - hier het kandidate 'n keuse tussen drie rigtings ten opsigte van nie-regsvakke.

B. Juris (vir Staatsamptenare)

Hierdie graadkursus, wat oor drie jaar strek, is hoofsaaklik bedoel vir beurshouers van die Departement van Justisie. Enige ander student kan dit egter ook verwerf. Dit word veral aanbeveel vir kandidate wat reeds een of ander eksamen vir die toelating tot prokureur geslaag het en nie met die Regsdiploma vir Prokureurs voortgaan nie.

Die Departement van Justisie verlang dat sy beurshouers - studente wat salarisse ontvang terwyl hulle studeer - landdroste moet word na verwerwing van dié graad.

Van sekere kursusse wat vir die graad geslaag is, word

vier jaar na enige ander baccalaureusgraad waarvoor geen regsvalke geneem is nie.

Die studietydperk vir die graad LL.B. kan dus, na gelang van die inhoud van die eerste baccalaureusgraad, oor twee, drie of vier jaar strek.

Verpligte vakke vir hierdie graad is Engels, Afrikaans en Latyn I. Ten opsigte van Engels en Afrikaans word spesiale kursusse aangebied. Vanselfsprekend moet 'n kandidaat in hierdie verpligte vakke slaag aler hy met die werklike LL.B.-studie begin.

Die graad LL.M.

Vir hierdie graad word ingeskryf na verwerwing van die LL.B.-graad en besonderhede kan op navraag verkry word.

Die graad LL.D.

Vir hierdie graad word ingeskryf na LL.B. of na LL.M.

4. DIPLOMAKURSUSSE

Die volgende drie diplomakursusse word in die Fakulteit aangebied:

Regsdiploma vir Prokureurs;
Regsdiploma vir Staatsamptenare; en
Senior Regsdiploma vir Staatsamptenare.

Die inhoud van die drie diplomakursusse voldoen aan die vereistes wat gestel word deur die Raad vir die Erkenning van Regseksamens.

Met uitsondering van die Senior Regsdiploma vir Staatsamptenare, word die ander twee diplomakursusse ook na-uurs by die Universiteit aangebied, maar dan oor vier jaar.

5. PROKUREURS

Voornemende prokureurs kan, blykens voorafgaande, 'n wye keuse uitoefen deur in te skryf vir die graad B.Juris (vir Staatsamptenare) en origens voldoen aan die vereiste insake matriek-Latyn; of in te skryf vir die Regsdiploma vir Prokureurs; of by voorkeur in te skryf vir 'n graad wat uitloop op LL.B. met slegs vyf studiejaar.

Die Vereniging van Wetsgenootskappe van die Republiek van Suid-Afrika is begerig dat 'n graad B.Juris (Procurationis) ingestel word vir prokureurs en dat dit die minimum vereiste sal wees vir toelating tot hierdie beroep. Die studietydperk sal dan minstens vier jaar wees. Die saak word egter nog ondersoek.

6. FASILITEITE

Die Fakulteit Regte beskik oor nege voltydse dosente en twee deeltydse dosente uit die praktyk, terwyl 'n geneesheer-dosent 'n kursus in Geregtelike Geneeskunde waarneem.

Hier is 'n goeie regsbiblioteek wat steeds aangevul word.

'n Lewenskragtige Regsvereniging onder studente reël o.a. skynhofsittings met ander Universiteite. Skynhofsittings vorm origens deel van die opleiding om langs daardie weg, nader aan die praktyk te kom.

7. BEROEPE

Die moontlike betrekkings wat 'n regsgeleerde kan bekom is talryk.

Die Staatsdiens, provinsiale owerhede, stadsrade, die handel en nywerheid, die advokatuur en die prokureursberoep - trouens alle afdelings van werkkringe het hulle nodig, ook die akademiese self.

Die Staat help met beurse en dienskontrakte. Die Prokureursorde van Transvaal bied hulp aan en ook plaaslike owerhede verskaf beurse.